# NG KERK REEBOK

# SONDAG, 29 MAART 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

***SESDE SONDAG IN LYDENSTYD***

**08:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**09:00**

**Erediens:** Chris de Wet
**Skriflesing:** Matteus 6:5-13
**Tema:** *Gebed: as verlange!*
**Spesiale Deuroffer:** *Gemeente Ontwikkelingsfonds*

Digitale Uitsending **09:00** Erediens
https://youtube.com/live/HoGLA6qvrRI?feature=share

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Hetta Wagner** (Buitewyk), wat gister **85** jaar oud geword het,
- **Steve Otto** (T3), wat op die 30ste Maart sy **81ste** verjaardag vier,
- **Yvonne Kotze** (R16), wat op die 31ste Maart haar **92ste** verjaardag vier,
- **Elize Weiermans** (R8), wat op die 1ste April haar **80ste** verjaardag vier,
- **Yvonne Baasden** (T7), wat op die 3de April haar **84ste** verjaardag vier,
- **Louis Serfontein** (T1) wat op die 3de April sy **89ste** verjaardag vier,
- **Tersia Robertson** (R17), wat op die 4de April haar **80ste** verjaardag vier.

*"... julle Vader weet wat julle nodig het nog voordat julle Hom vra"* (Matt. 6:8)

**VERLOF VAN LERAARS EN AMPTENARE**

**Deon van den Berg: 25 tot 29 Maart 2026**

**Martina van den Berg: 1 April tot 7 April 2026 & 14 April tot 28 April 2026**

**Richard van Wyk: 14,15 & 16 April 2026**

## PROGAM VIR DIE WEEK

**GOEIE VRYDAG, 3 APRIL 2026 NAGMAAL**

**09:00** **Nagmaalserediens:** Richard van Wyk
**Skriflesing:** Johannes 19:17-22
**Tema:** *Gekruisigde liefde!*
**Spesiale Deuroffer:** *Gemeente Ontwikkelingsfonds.*

## VOLGENDE SONDAG – 5 APRIL 2026

| | |
|---|---|
| **6:00** | **Sonsopkomsbyeenkoms:** Klein-Brakrivier Parkeerarea<br>Bring asseblief 'n *kampstoel, flitslig, koffie en 'hot cross buns'* saam. Ons wag almal saam vir die son om op te kom. Indien dit reën, skuif die byeenkoms na die Reebok kerkgebou toe. |
| **08:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens. |
| **09:00** | **Oggenderediens:** Richard van Wyk<br>**Skriflesing:** Matteus 6:10<br>**Tema:** *Laat U koninkryk kom.*<br>**Spesiale Deuroffer:** *Strooidakkerk Instandhoudingsfonds* |



## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**REEBOK WYK R6 TOT R11**

- **Peet Diedericks** (R7), sterk tuis aan na ‘n heupvervanging.
- **Isabel de Witt** (R9), sterk aan na ‘’n knievervangingsoperasie.
- **Peet van der Merwe** (R10), sterk in die George Medi-Clinic aan.
- **Elsabé Janse van Rensburg** (R10), sterk tuis aan na ’n operasie.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**REEBOK WYKE R21 TOT R24**

- **Jakkie Mellet** (R22), word tuis versorg.

## ALGEMENE INLIGTING

### 🎉 Ons Kermis – ’n Fees van Gemeenskap en Vreugde! 🎉

Sommige dae bly mens vir altyd by: gister was so ’n dag! Die toegemaakte straat, die massas mense, vakansiegangers en gesigte wat ons lanklaas gesien het; blye weersiens soos deur ou-jare lange vriende, bure, “tjommies”, ja, werklik “broers”. Die kopstukke-inhaal gesels in die karnaval-atmosfeer onder tente; die vroeg-oggend pannekoek en aroma van koffie-kapitaal, soos oorlee Jan Spies dit genoem het! Die musiek was vol lekkerkry en tuisgemaak deur ons eie musiekbediening! Die poeding was uit die boonste rakke, die kerrie-en-rys van skougehalte, die koeke en terte verdien goue medaljes, die beskuit dubbel-platinum-toekennings, die potjiekos wêreldkampioene uit Rassie se stal, die melkkos was van superbe keur-graad verdien AAA+++, die hamburgers en die boepensbroodjies ongeëwenaard ryk en lekker! Die kermis-kelkies het ons met ’n nuwe huppel-in-die-stap-woema-gegee, die kindertafel het die kleingoed se oë laat blink en die wit-olifant-tafel het my laat besef ”ougoed is lekkergoed en goeie goed”. Ek soek nou ’n bed, pootuit kermis gehou.... en ek bly weg van die badkamerskaal want ek sal moet betaal sonder kapitaal soos die wet van Transvaal.... oor ek van alles op die kermis geproe het!

*BAIE DANKIE, AAN AL DIE SAMEROEPERS VAN DIE ONDERSKEIE TAFELS, ALMAL WAT URE SE VOORBEREIDINGS GETREF HET, ALMAL WAT SAAMGEWERK HET EN GEWYS HET ONS GEMEENTE HET GOEIE SPANGEES, ASOOK ALMAL WAT GEKOOP EN ONDERSTEUN HET.... KAN ONS ASSEBLIEF GOU WEER SO MAAK!* ***Soli Deo Gloria!***

**DROë VRUGTE**
**DROë VRUGTE AFHAAL TYE:**
**KERMISDAG REEBOK KERK TERREIN**
**MOSSELSTRAAT 22, FRAAI-UITSIG**
**MAANDAG TOT DONDERDAG**


NG KERK
HERBERTSDALE
PAASNAWEEK
FEES 4 APRIL 2026
Saterdag
Kom doen jou inkopies hier en geniet 'n heerlike oggend!
• Koffie en Pannekoek 08h00
• Etes 09h00
• Gebak 10h00
• Vleisverkope 11h00
PLAASLIKE VLEIS, VARS VRUGTE EN GROENTE, BRAAIVLEIS, KERRIE EN RYS, AFVAL, POEDING, PANNEKOEK, KOEK EN IETS VIR DIE KINDERS!
Sien jou daar!


NG KERK
REEBOK
JEUG UITREIK
2026
BIED AAN
Soirée van die
1950s
met
Blackie Swart
10 April 2026
om 19:00
Kleredrag: 1950s
Smul 'Roadhouse'
Kosse
BRING EIE DRINKGOED EN GLASE
Kaartjies
beskikbaar by
kerkkantoor
R200
p.p.
WOW!

**MEUBELS**

**Indien u enige meubels (sitbanke, stoele, beddens) het wat dalk oorbodig is kontak asseblief die kerkkantoor.**

**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak.

Nie u naam en van nie.

**REEBOK GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE**
**ABSA: TJEK REKENING**
**NG KERK REEBOK**
**404 908 7902**
**TAKKODE 632005**

Snap here to pay

SnapScan

**Besoek gerus ons Facebook by "NG Kerk Reebok"**

**WEBWERF** – www.ngkreebok.co.za

Gaan besoek gerus ons gemeente se webwerf en volg die *skakels* om Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang. *Kontak die Kerkkantoor vir hulp.*

*"Here, ons dank U vir hierdie kosbare lewe wat U vir 99 jaar bewaar het. Dankie vir die wysheid, liefde en geloof wat sy met ander gedeel het. Mag U haar steeds dra, haar hart vul met vrede, haar dae met vreugde, en haar familie met dankbaarheid. Laat haar altyd voel dat sy 'n kroon van genade en 'n getuienis van U trou is. Amen."*